

Jan H. Marais-prys

(Geskrif vir ontvangs op Stellenbosch 30 Mei 2016)

Hermann Giliomee

Dis vir my 'n besondere voorreg om die eerste Jan Marais-prys vir wetenskaplike bydraes tot Afrikaans te ontvang. Ek wil vir die keurkomitee van die Jan H. Marais-beurs baie dankie sê. Ek beskou dit as 'n ongelooflike eer dat julle besluit het om aan my die eerste prys toe te ken. Die prys is 'n baie groot inspuiting vir die voortbestaan van Afrikaans as wetenskaplike taal en vir geskiedenis as dissipline.

Dit is baie gepas dat die Akademie die instansie is wat die sentrale rol in die toekenning van hierdie groot prys speel.

Ek is spesiaal bly oor die gaste wat ek kon nooi. Hulle is Annette, my beste maat en beste kritikus oor die jare heen, ons twee dogters en hul gades, my broer en my suster en hul gades, en prof. Albert Grundlingh en sy gade. Prof. Grundlingh het die amper onmoontlike reggekry deur my, na my uittrede in 1998 as dosent in politieke studies aan die Universiteit van Kaapstad, tuis en geëerd te laat voel in die departement op Stellenbosch waar ek as student en dosent meer as twintig jaar deurgebring het.

Ons het vanaand in ons gehoor 'n gewaardeerde gas, Mathews Phosa, wat 'n digbundel in Afrikaans gepubliseer het.

Ek het gehoor dat die boek wat ek oor die Afrikaners geskrif het die vernaamste rede is vir die toekenning van die prys. Die volgende storie word vertel van 'n persoon wat in 2003, net nadat my *The Afrikaners* verskyn het, by 'n boekwinkel opgedaag het.

Hy het gesê: "I want to inquire about the Afrikaners."

Die assistent se antwoord was:

"The Afrikaners have sold out, sir."

Die kliënt het gesê: "I know that, but I want a copy of the book."

My boek oor die Afrikaners het 'n besondere band met die drie instansies wat finansieel tot die prys bygedra het.

1 Die eerste is Naspers

As kinders op Porterville het ons met *Die Burger*, *Huisgenoot* en *Jongspan* grootgeword. Ek is polities gevorm deur Piet Cillié, redakteur van *Die Burger*, en nie deur dr. Hendrik Verwoerd nie. Cillié se *Die Burger* in die 1950's en 1960's was 'n sprekende voorbeeld van 'n koerant in gesprek met sy gemeenskap.

Tragies was daar binne daardie gemeenskap 'n skerp skeidslyn tussen die wit en die bruin Afrikaanssprekendes. Ek twyfel of Cillié ooit werklik dit wou afbreek. Hy kon nietemin die absurditeit daarvan insien. Hy het geskryf oor die Afrikaanse skoolhoof wat 'n bruin onderwyser gevra het om hom van die bruin gemeenskap se geskiedenis en kultuur te vertel.

Die onderwyser het geantwoord: "Meneer, ek weet julle wit mense sê graag dat ons trots moet wees op ons geskiedenis, ons voorvaders en ons tradisies. Maar laat ek nou dit vir jou sê: My geskiedenis is jou geskiedenis, my tradisies is jou tradisies, en dit sal my nie verbaas as sommige van my voorvaders ook jou voorvaders was nie."

My skryf aan die boek oor die Afrikaners het in 1992 begin en het tien jaar gevat om te voltooi. Toe ek in 1998 amper wou tou opgooi, was dit Ton Vosloo, destydse Voorsitter van die Nasionale Pers-direksie, wat my 'n konsultantskap by die pers aangebied het. Dit het my in staat gestel om by die Universiteit van Kaapstad uit diens te tree en as 'n konsultant met 'n lektor-salaris voltyds te skryf.

Daar was twee voorwaardes aan die konsultantskap: alles wat ek skryf, moet ek eerste vir Naspers aanbied en die konsultantskap sou vir net vyf jaar geld, wat so lank was as wat dit sou vat om die manuskrip te voltooi.

Dit was die begin van my besondere verhouding met Tafelberg Uitgewers, en veral met Hannes van Zyl en Erika Oosthuysen by die firma. Althuis uitnemende uitgewers.

2 Het Jan Marais Fonds

Die Afrikaners is 'n lang boek -ongeveer 380 000 woorde in sy tweede uitgawe. Tafelberg Uitgewers was bereid om die Suid-Afrikaanse regte van die University of Virginia Press, die Amerikaanse uitgewer, te koop, maar die boek se prys in die handel sou tussen R700 en R800 wees.

Ek het vir vir prof. Mike de Vries, destyds die voorsitter van die Het Jan Marais Fonds se bestuurskomitee, oor 'n subsidie gepols. Hy het my daarop gewys dat die fonds beperk is tot Afrikaanse boeke en plaaslike liefdadigheid.

Op die ingewing van die oomblik het ek gesê: "Mike, ek beloof jou ek sal die boek self in Afrikaans vertaal." Hy is kort daarna oorlede en ek het my belofte aan hom gehou.

In terme van die belofte was dit nie vir my 'n opsie om die boek deur iemand anders te laat vertaal nie.

Ek het gaan sit en self vertaal.

Dit het beteken 'n 1 000 woorde vertaal elke dag vir 'n jaar lank.

Die Afrikaanse *Afrikaners* het 'n bietjie meer as 'n jaar na die Engelse een verskyn.

Gegee die heuglike geleentheid vanaand was my besluit in 2003 om die boek self te vertaal een van my beste besluite ooit.

Teen 2014, 'n bietjie meer as tien jaar na dit verskyn het, was die Suid-Afrikaanse verkope 16 253 vir die Engelse uitgawe en 10 658 vir die Afrikaanse uitgawe. Daar was toe 2 454 kopieë van die Amerikaanse uitgawe en ongeveer dieselfde getal van die Britse uitgawe verkoop.

3 Die Universiteit van Stellenbosch

Die Universiteit van Stellenbosch is die derde borg van die prys. Dit is ook die instelling wat aanvanklik my die meeste gevorm het. Ek het egter my belangstelling in geskiedenis gekry van my pa, wat 'n uitstekende geskiedenisonderwyser was.

Ek was nie sy beste leerling nie -my broer en suster spot nou nog dat my hele loopbaan 'n poging is om te kompenseer vir die feit dat hulle beter punte by my pa as ek gekry het.

Vanaand is nie 'n aand vir kritiek nie, so wanneer ek oor die Departement van Geskiedenis op Stellenbosch praat, laat ek my beperk tot daardie dinge wat dit baie goed gedoen het. Dit was om by sy studente 'n heilige ontsag vir die feite te kweek, navorsing in primêre bronne te beklemtoon en aan te dring op respek vir die dissipline van geskiedenis.

Die dissipline behels veral die opdrag om die waarheid so goed as moontlik vas te stel en oor gemeenskappe en regerings se suksesse en mislukkings te skryf sonder om agterna slim te probeer wees of een of ander teorie oor menslike gedrag te probeer bewys. Die historikus wil veral probeer om daardie soort mag te verstaan wat die bestemming van gemeenskappe, samelewings en beskawings bepaal het.

C.W. de Kiewiet, die grootste Suid-Afrikaanse historikus, het dit so gestel:

"Geskiedenis is 'n leerskool in nederigheid. Van al die dissiplines is dit die veeleisendste en verg dit die meeste arbeid. Min dissiplines vereis 'n langer vakleerskap. Die funksie van geskiedenis is om wysheid en ervaring tot elke geslag se beskikking te stel. 'n Lewenskragtige en onafhanklike geskiedskrywing is meer as 'n kulturele ornament. Dit is 'n onmisbare agent vir wyse en suksesvolle aksie in alle menslike probleme..."

Reinhold Niebuhr was een van die vernaamste publieke intellektuele in die Verenigde State in die twintigste eeu. Pres. Barack Obama het hom uitgewys as die Amerikaanse publieke intellektueel wat die grootste invloed op hom gehad het. Dit was Niebuhr wat gesê het enige individu of gemeenskap word gevorm deur die bepaalde betekenis wat dit aan sy eie geskiedenis heg. Dit gee sin aan sy lewe, aksies en optrede.

Maar die historikus bied nooit 'n fotobeeld van die verlede nie. Hy moet eerder vergelyk word met die impressionistiese skilder wat lig en beweging vanuit 'n besondere hoek probeer vasvang. Die geskiedskrywing van Suid-Afrika is oorheers deur verskillende "skole" - liberaal, radikaal, en nasionalisties - wat elkeen die geskiedenis vanuit 'n besondere hoek benader het.

Na ongeveer 1930 het talle Afrikaner-historici vanuit 'n nasionalistiese perspektief segregasie en later apartheid in hul werk verdedig het, maar terselfdertyd vas geglo het hulle is onpartydig of "wetenskaplik-objektief" soos my professore so graag gesê het.

Die briljante Britse historikus A.J.P. Taylor het hierop 'n skerp antwoord gehad. Hy het gesê dat die historikus wat glo hy is objektief 'n veel groter gevaar as ander historici loop om bevooroordeeld te wees. Soos 'n ou spreekwoord lui: "Jou ideologie is soos jou eie asem: jy kan dit self nie ruik nie." Dit is veel beter om openlik te erken dat uit watter hoek jy kom wanneer jy jou storie vertel.

Die meeste Afrikaner-historici tussen 1930 en 1970 het ras, etnisiteit en nasionalisme verabsoluteer en politieke leiers het dit aangegryp om apartheid te verdedig. Teen die middel-1980's was daar geen erkende Afrikaanse historikus meer wat daarmee volgehou het nie.

Maar Afrikaner-historici kyk steeds betekenisvol anders as liberale historici. Daar is 'n groter klem op empiriese navorsing en groot bereidwilligheid om die samehang van materiële en kulturele kragte te verstaan. Ek glo vas 'n historikus met 'n Afrikaanse agtergrond sal anders as 'n liberale of radikale historikus kyk na paternalisme in die slawetydperk, na die eise van voortbestaan in die grensgebied, na Britse imperialisme en die Anglo-Boere-oorlog, na die hardvotige vorm van kapitalisme van die eerste halfeeu van die vorige eeu, na die radikale Afrikaner-mobilisasie tussen 1930 en 1975 en na die ANC se propagandaoorlog wat tot vandag toe duur.

Ek wil nou stilstaan by die belangrikste vraag in geskiedskrywing: Wat is die grootste krag wat mense en gemeenskappe dryf?

- Word instellings of gemeenskappe primêr deur materiële belange gedryf?
- Of word hulle primêr aangevuur deur idees of wat mens breedweg kultuur of kulturele oorwegings kan noem?

Die oorgrote meerderheid Engelstalige historici hier, en ook in die Brits-Amerikaanse wêreld, sonder finansiële of breë materiële belange uit as dié deurslaggewende krag in die geskiedenis. Wanneer mense versuim om hul belange na te streef, soos wat liberale historici dink dit behoort nagestreef te word, is hierdie liberale historici geneig om dit aan een of ander patologie toe te skryf.

Hierdie neiging word versterk deur die feit dat die meeste maatskappye in die kapitalistiese raamwerk vandag oorwegend deur die winsmotief gemotiveer en gedryf word.

Daar is ook 'n mededingende interpretasie. Dit lê die klem op kultuur en daardie kulturele waardes wat bevorderlik is vir die oorlewing van 'n bepaalde gemeenskap en sy instellings.

Met kultuur bedoel ek die subjektiewe persepsies van 'n gemeenskap, die reëls waarmee 'n gemeenskap sy lewe inrig, die manier waarop dit na die verlede en die toekoms kyk en die wyse waarop dit die wêreld verstaan.

'n Kultuur is natuurlik nooit staties nie en dit sal as grondslag vir politieke mobilisasie nie ver kom as dit aan sy volgelinge nie ook materiële voordele bied nie. Baie hang ook daarvan af of die demografie etniese mobilisasie sinvol maak. Afrikaners het tussen 1910 en 1994 konstant net meer as 50 persent van die kiesers verteenwoordig. Die Westminster-stelsel van kiesafdelings en die reël van die-wenner-vat-alles beloon die radikale mobilisering van van die grootste etniese groep in 'n kieserserskorps.

Dit is veral in sentraal Europa, met al sy nasionale minderhede wat mekaar soms moeilik verdra, dat ons 'n veel sterker klem op kultuur aantref as wat die geval is in Wes-Europa en die Verenigde State. In 1959 het Lewis Gann, 'n Jood wat in Duitsland grootgeword het, in die *Rhodes-Livingstone Journal* 'n pleidooi gelewer dat ons historici by hierdie samelewings moet lig opsteek eerder as by dié van Wes-Europe wat, met enkele uitsonderings, hoofsaaklik homogeen was en selektief die laer klasse kon inkorporeer.

Die Tjeggiese skrywer Milan Kundera het 'n groot waarheid neergepen toe hy hierdie woorde geskryf het: "n Mens kan 'n nasie nie uitsluitlik op grond van sy politieke suksesse beoordeel nie. Ons moet ook die waardes in aanmerking neem wat 'n kultuur skep ten tye van sy grootste nederlaag."

Die Suid-Afrikaanse Grondwet, wat in 1996 aangeneem is, het op sekere gebiede progressiewe waardes ingevoer met 'n groot klem op veral individuele regte. Wat kultuur betref, het dit egter gou duidelik geword dat die Grondwet 'n groot oorwinning vir Engels as taal verteenwoordig en 'n ramp vir die Afrika-tale en veral vir Afrikaans is.

Die vraag is of Afrikaanssprekendes en sprekers van ander tale die regte keuses kan maak om hierdie ramp te oorkom.

In 1938 het NP van Wyk Louw 'n merkwaardige opstel, getitel “Die Ewige Trek”, geskryf oor die deurslaggewende keuses op drie kritieke oomblikke in die wording van die Afrikanervolk:

- die Groot Trek (1835-38),
- die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)
- die keuse van Afrikaans bo Hollands as ampstaal naas Engels.

In al drie gevalle was daar, in Van Wyk Louw se woorde, 'n "volkome ewewig van argumente" en in al drie gevalle het ander belange as materiële belange die deurslag gegee. Al drie gevalle is 'n keuse gemaak wat myns insiens ten goede deurslag gegee het in die ontwikkeling en oorlewing van die Afrikaners. Maar daar kom 'n punt dat mens die nederlaag van 'n kultuur en die ideologie waarmee dit verweef is, moet aanvaar, soos wat die Bittereinders dit in die laaste dae van die Anglo-Boere-oorlog verplig was om te aavaar.

Wat sê mens in hierdie verband oor apartheid, wat die "bedryfsplan" van Afrikaner-nasionalisme was? Apartheid het immers probeer om afsonderlike kulture en nasies af te dwing.

Die hoofstuk in my boek oor apartheid is getitel "'n Radikale plan vir oorlewing."

Enige poging om apartheid in bloot materialistiese terme te verstaan is futiel. Dit was 'n poging om Afrikaner-oorlewing deur middel van die verskansing van Afrikanermag te verseker.

Apartheid het groot skade en lyding, geestelik en materieel, tot gevolg gehad. Ook Afrikaners en Afrikaans het baie groot skade gely, maar dit sal oneerlik wees om te swyg oor die groot voordeel wat Afrikaners, en inderdaad alle wit mense, uit apartheid getrek het, veral wat betref meerderwaardige onderwys en werkkeuses.

In 1960 het Dirk Opperman by geleentheid van die halfeeu-viering van die Unie van Suid-Afrika in 'n artikel in *Die Burger* 'n blik gewerp op die Afrikaners wat die vorige dekade die stelsel van apartheid opgebou het.

Hy het geskryf: "Die Afrikaner het gebou aan sy eie wêreld, het hom sterk gemaak en in die proses die Engelsman, Kleurling en die Bantoe van hom vervreem."

Opperman het gewaarsku dat die Afrikanervolk nie daarin slaag om 'n aantrekkingskrag as volk te ontwikkel nie. Dit het intendeel "'n sterk wegstotende mag" gehad.

Die toekoms wat Opperman uitgestippel het, is een van 'n "geestelike lewe oorheers en verdor deur rassespannings en rassewaardes, geestelike afsondering, 'n geestelike intelery, geestelike gebreklikheid en uiteindelijke onvrugbaarheid."

Tot sover Opperman.

Veral die Afrikaanse universiteite was gedurende die apartheidsperiode geneig om nasionalistiese politieke en kulturele waardes op ander af te dwing.

Vandag het universiteite die plig om nie vasgevang te word nie in wat Hennie Rossouw in 1989 in 'n opstel getitel: "Politiek en Akademie" genoem het die "parogiale benepenheid en groepsgebonde eksklusiwiteit" van die apartheidsjare.

Maar daar is ook 'n groot gevaar aan die teenoorgestelde kant van die spektrum; die algehele negering van die verpligting om kultuuroordrag te verseker.

In sy beroemde verslag van die Britse universiteite het lord Robbins in 1963 as een van die vier lewensbelangrike funksies van universiteite die volgende genoem: "die oordrag van 'n gemeenskaplike kultuur en gemeenskaplike standaarde van burgerskap." In 'n heterogene land soos België sal universiteite natuurlik die taak van kultuuroordrag anders benader as in 'n redelik homogene land soos Brittanje.

Die vraag is of ons in die debatte oor taalbeleid nie die lewensbelangrike funksie van die universiteit, naamlik die oordrag van 'n bepaalde kultuur, grootliks verwaarloos het nie.

Ons het vanweë apartheid amper probeer weghardloop van die kwessie van kultuur en kultuuroordrag maar as kwessie is dit onontwykbaar.

As ek oor kulturele besinning en herbesinning praat, hou die volgende in gedagte:

- Oor watter aspekte van ons geskiedenis stem ons ooreen of verskil ons?

- Wat is die kern-samelewingswaardes waaroor ons kan ooreenstem en waar verskil ons?
- Na watter soort toekoms streef ons?
- Hoe moet minderhede en die meerderheid met mekaar versoen word?

Alexis de Tocqueville, die groot Franse historikus en politieke denker van die negentiende eeu, het geskryf: "Die meerderheid sal die minderheid aanvaar net op voorwaarde dat hy dit prys gee wat vir hom die kosbaarste is."

Die eis van Open Stellenbosch en ander aktivistiese groepe is basies dat Afrikaans prysgegee moet word voor daar stabiliteit op 'n kampus kan wees (of moet mens sê: voor die volgende eis gestel word).

Dit is merkwaardig dat die radikale studente Engels as voertaal eis, somtyds selfs Engels as die enigste voertaal op 'n kampus, terwyl die gemeenskap met die laagste deelname aan hoër onderwys, te wete die bruin Afrikaanssprekende gemeenskap, Afrikaans as voertaal bitter nodig het om vordering te maak.

In 2007 was die deelname aan tersiêre onderrig van jong mense met Matriekvrystelling 50% in die geval van wit Afrikaanse jong mense en die geval van bruin Afrikaanse jong mense 5%.

Wanneer ons transformasie praat, behoort dit tog seker die prioriteit van die US te wees om bruin mense uit die Wes en Noord-Kaap te trek en vir hulle in Afrikaans klas te gee. As die US dit 'n prioriteit maak om diegene wat in Engels wil studeer te bedien en op internasionale ranglyste te klim, geskied dit ten koste van Afrikaanse studente wat die geleentheid ontsê word om in Afrikaans te studeer.

Is dit nie 'n tweede verraad teen die bruin Afrikaanse mense nie - na die verraad van die 1950's om alle bruin mense van die gemeenskaplike kieserslys te haal?

Ek is geneig om met 'n knypie sout die stelling te vat dat meeste Afrikaanse studente deesdae Engelse onderrig verkies. Feit is dat sommige dosente die laaste tien jaar volhardend studente probeer oorreed het, en soms geïntimideer het om eerder net Engelse onderrig te ontvang. Dan is daar die probleem dat amptenare van 'n universiteit wat vir meer as vyftien jaar lank Engels bevoordeel het, self die meningsopnames onderneem.

Die enigste meningsopname wat nog deur 'n onafhanklike instansie op versoek van die Raad gedoen is, is die MarkData ondersoek van 2007. Daar is gevind dat meer as 80% Afrikaanse studente (en meer as 40% Engelse studente) primêr Afrikaans-medium verkies.

Ek staan ewe skepties teenoor die bewering dat die regering op 'n volle Engelse aanbod aandring. Gedurende die afgelope tien jaar het voorstanders van die toenemende gebruik van Engels as voertaal aan HAU's dikwels aangevoer dat die Grondwet, tesame met die regering se 2002-

beleidsdokument "Language Policy in Higher Education" (LPHE), dit nie vir 'n universiteit moontlik maak om hoofsaaklik van Afrikaansmedium as voertaal gebruik te maak nie.

In 2011 het 'n US-Raadslid vir adv. Jan Heunis SC gevra om 'n regsmening hieroor te skryf. Hy het hierdie mening aan die US-bestuur oorhandig.

Die regsmening wys daarop dat die ministerie skriftelik sy bereidwilligheid verklaar het om met die Historiese Afrikaanseuniversiteite in gesprek te tree oor voertaalopsies, insluitende Afrikaansmedium, as die primêre opsie, maar nie die enigste een nie. Adv. Heunis se mening kom tot die gevolgtrekking dat daar geen rede is om aan te neem dat "die US se Taalbeleid van 2002 soos gewysig in 2008, wat Afrikaansmedium as die verstektaal beskryf en wat dit toelaat dat Engels net "in besondere omstandighede" gebruik word, in stryd met die Grondwet of die ANC se eie taalbeleid is nie.

'n Persoonlike noot

Vir my was Afrikaanse onderrig onontbeerlik toe ek as plattelander met 'n swak beheer van Engels op Stellenbosch opgedaag het. Ek was in die Engels Spes-klas een van die sukkelaars. Die gedugte lektrise, Patricia McMagh, het ons die "Kakamassian Club" genoem. Ek het my eerste twee toetse in Engels Spes. gedruip en toe opgeskop. Danksy die Afrikaanse onderrig wat ek ontvang het, het ek redelik suksesvol my studies voltooi.

Ek was in my dertigerjare voor ek met die oog op akademiese publikasies in Engels begin skryf het. Die oorgang was nie moeilik want ek kon op daardie stadium my redelik goed in Afrikaans uitdruk.

Afrikaans het my die persoon gemaak wat ek is. Die debat oor kultuur en kultuuroordrag is een wat op al die universiteite gevoer behoort te word. Die gebrek aan enige debat lê ten grondslag van baie van die moeilikhede op ons kampusse.

Die gebruik van Engels as voertaal, verteenwoordig myns insiens nie veel kulturele waarde nie, al is dit 'n globale taal. Dit is 'n ope vraag of die geradbraakte Engels wat sommige dosente gebruik enigsins as 'n kultuurwins bestempel kan word.

Ek het met J.M. Coetzee, die Nobelprys-wenner, gekorrespondeer oor die US die eerste konsepbeleid oor die voertaal aan die universiteit. Sy onmiddellike kommentaar was: die bestuur se dokument sê niks oor kultuuroordrag nie. Dit is veelseggend.

Laat ek afsluit.

Die geskiedenis gee geen voorskrifte vir optrede met betrekking tot kultuuroordrag nie, maar dit bied wel 'n perspektief op belangrike kwessies.

Leszek Kolakowski, die groot Poolse gesaghebbende oor Marxisme wat later gedwing is om na Oxford te verhuis, het gesê: "Mense wend hulle tot geskiedenis nie om te leer hoe op te tree of om te slaag nie maar om te weet wie hulle is."

Joseph Ratzinger, die eerste Duitse pous na die Tweede Wêreldoorlog, het gesê: "Mense kan hul identiteit verander maar hulle kan nie hul verantwoordlikheid ontsnap nie."

Die groot twee groot vrae wat ons vandag moet probeer beantwoord, is dit en ek rig dit as 'n alumnus van die US:

- Wat is ons identiteit of identiteite?
- Waar lê ons grootste verantwoordelikheid?